



LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * **UITNEMENDHEID**

UIT DIE KANTOOR

"You don't have to see the whole staircase, just to take the first step." Martin Luther King Jr. Dit is gewoonlik hierdie tyd van die jaar wat een fase klaarmaak en na iets nuuts vorder dat ons so bietjie bekommerd is of ons op die regte pad is of ons die regte hoërskool gekies het of gaan ons die volgende jaar se werk kan baasraak, ens.

Niemand van ons weet die antwoorde oor die toekoms nie, maar die groot geheim is om nie dat ons sekerheid ons rem nie. Ons moet ons kinders leer om hulle koppe op te hou en dag vir dag die eerste tree te gee om die dag aan te pak. Die nes sorg gewoonlik vir hulself.

Dit was 'n wonderlike jaar en ons kinders en almal van ons wat deel is van die skoolfamilie, het saam gegroei en verbeter. Dit is lekker om die energie te ervaar wat rondom ons skool is en was. Projekte is spontaan aangepak en ons het op soveel plekke vooruitgegaan.

Ek en die personeel gaan definitief na die graad 7's wat ons verlaat, verlang. Ons gaan definitief ook die ouers, wie se laaste kinders uitgaan, ook mis. Dit was 'n voorreg om saam met julle deur soveel ervarings te gaan. Julle en julle kinders bly altyd deel van ons.

'n Geseënde Kersfees vir elke gesin. Dit was wonderlik om God se hand van beskerming oor ons skool te ervaar dié jaar.

Ek kan nie wag vir 2026 nie!

Pieter de Bruyn



KARAKTERBOU



Ons is baie trots op hierdie drie seuns, Keanan Erasmus, JP Goliath en AJ Koopman. Hulle het uit vrye wil vir langer as 'n week elke dag gevra om vir oom Dawid met die hark en optel van die gras op die rugbyveld te help. Hulle gee voorwaar hul beste binne en buite die klaskamer.

UITNEMENDHEID



Ons het hierdie afgelope jaar gefokus op **UITNEMENDHEID** en ons kan met trots sê dat elke Bokkie **NET HUL BESTE** gegee het! Dankie dat jul 2025 hard gewerk het en ons trots gemaak het! Wees op die uitkyk in jou rapport, daar is vir elkeen 'n bederfjie in om te wys dat Laerskool Koue Bokkeveld baie trots is op jou!



SKOOL HEROPEN

Skole heropen op die 14de Januarie 2026 om 07:30. Alle Graad 1-ouers is baie welkom om hul kind se eerste saalbyeenkoms by te woon. Alle leersers trek netjiese skooldrag aan op die eerste dag van skool. Ons sien uit om julle te sien!

AKADEMIESE TOP 3

KWARTAAL 4

Graad 4

1. Gabriella du Toit - 89%
2. MW Pretorius - 88.7%
3. Luah du Toit - 80.7%




Graad 5

1. Cassie du Toit - 95%
2. Sebastian van Zyl - 93.3%
3. Frans le Roux - 91.2%



Graad 6

1. Wikus Bothma - 93%
2. Jean Dreyer - 92.8%
3. Mia Gagliano - 91.2%



Graad 7

1. Gys du Toit - 87.1%
2. Stephan du Toit - 83%
3. Hanah van der Merwe - 82.7%



WOEMA

Ons is baie trots op Zané Bothma, CH Kotzé, Jomé Lingenfelder en Alida Vrey. Hierdie leerders het van kwartaal 3 na 4 hul gemiddelde punt met 5% of meer verbeter! Hou so vol!



'n Spesiale WOEMA toekennings gaan aan Niël de Wet en Jomé Lingenfelder. Hulle het elkeen hul gemiddelde punt van kwartaal 1 na 4 met 10% of meer verbeter. Dis waarlik iets om op trots te wees.



AKADEMIESE TOP 3

JAARPUNT

Graad 4

1. MW Pretorius - 88.3% + Boekprys
2. Gabriella du Toit - 87.5%
3. Marlizéy van Zyl - 81.5%



Graad 5

1. Cassie du Toit - 91% + Boekprys
2. Sebastian van Zyl - 90.2%
3. Frans le Roux - 88.5%



Graad 6

1. Wikus Bothma - 92.3% + Boekprys
2. Dinozzo van Huffel - 90.7%
3. Jean Dreyer en Mia Gagliano - 89.3%



Graad 7

1. Gys du Toit - 90.7% + Boekprys
2. Stephan du Toit - 87.3%
3. Hanah van der Merwe - 85.1%



PRETDAG WENNERS

Ons het op 28 November die eksamen en die skooljaar afgesluit met 'n heerlike prettdag. Die leerders het geslide en 'n mooi pieknik geniet - dit was groot pret vir almal! Die "dress-up" tema was Wees Festive, en die kinders het hulself uitstekend van hul taak gekwyd.

'n Groot dankie aan Riaan Smit, Steyn Marais en Charmaine Scholtz wat vir ons die seile voorsien het vir die dag. Julle bydrae het dit ekstra spesiaal gemaak!

Ons het agt wenners gehad vir die beste uitrustings.

- Achante - Lee Hanse
- Lizamé Loots
- Lukas van Schalkwyk
- Frederik van Schalkwyk
- Quinnicia Scheffers
- Josh Loff
- Daniel du Toit
- Mia van den Heever



MEDIAPREFEKTE

Niël de Wet, Melia Burger, Jomé Lingenfelder, Cara van den Heever, Zenith Julies, Elgar Jantjies, Alida Vrey, Helené du Toit en Zané Bothma is ons nuut verkose mediaprefekte van 2026. Hulle het hulself beskikbaar gestel om te help in die biblioteek en met die rekenaars. Ons is opgewonde om hul te sien groei en sien daarna uit om hul meer te leer van tegnologie en die bestuur van 'n biblioteek.



EVENTS

Baie dankie aan elke mamma en pappa wat hierdie jaar gehelp het om by te dra tot die groot sukses wat ons met al ons funksies gehad het.

Groot en spesiale dank aan Chrisna du Toit wat voorgevat het met die Events. Ons nooi ouers uit om in 2026 betrokke te raak by die Events-komitee.

NETBALKLINIEK

Gr. 1 tot gr. 7 dogters kan die kliniek bywoon. Dit sal vir die dogters net voordelig wees om hul vaardighede op te skerp of nuwe vaardighede aan te leer voor die netbalseisoen afskop.

Moet nie die geleentheid misloop nie.

20 en 21 Feb. 2026

HOOFLEIERS

Zoey Carolus en Jean Dreyer is aangewys as die hoofleiers vir 2026. Baie geluk. Ons wens julle baie sterkte toe met die groot taak op hande.



TENNIS

Elke jaar kry ons no. 1 seun en dogter 'n tennisbeker om te sê hoe trots op hulle is. Dit is nie maklik om die hele jaar teen elke skool se sterkste spelers te speel nie. Ons is baie trots op julle!



Markus Tomlinson Anmari Steenkamp

Hierdie jaar se "beste vordering" in tennis-bekers gaan aan Wikus & Helené. Baie geluk! Ons sien uit daarna om julle in aksie te sien in 2026. Ons eerste span toer in 2026 na SUN CITY! Dit is harde werk wat voorlê, maar ons sien baie uit!



Wikus Bothma

Helené du Toit

PRE GRAAD R UITSTAPPIE

Die pre graad R klas het hulle jaarlikse uitstappie na Howbill pakstoor baie geniet. Ons het geleer wat met appels gebeur nadat dit gepluk word en elkeen ons eie sakkie appels gepak! Baie dankie aan Howbill Farming vir hierdie leersame ervaring. Daarna het KERSVADER vir ons kom kuier by Juffrou Hanle se huis!



WES KAAP KAVALIER TENNIS

Baie geluk aan Daniël du Toit en Helené du Toit wat na afloop van die naweek se tennis opgeneem is in die Wes Kaap Kavalier tennisspan. Hulle speel 28 Februarie en 1 Maart 2026 in die Synergy Cup teen WP.



Daniël du Toit



Helené du Toit

KAVALIER INTERPRO TENNIS



Baie geluk aan Zoey Carolus wat opgeneem is in die Kavalier Interpro tennisspan. Sy speel 7 - 11 Januarie 2026 vir haar span in Bloemfontein.

Ons is baie trots op jou Zoey en weet jy sal 'n goeie ambassadeur wees vir ons skool. Juffrou Hanle vergesel dieselfde tyd die Kavalier Interpro o.15 en o.19 tennisspan na Pretoria, saam met Johnnie Zulch. Geniet dit julle!

ONS GROET DIE GR.7'S

Hierdie jaar was gevul met soveel spesiale en opwindende oomblikke. Die Graad 7's het 'n onvergeetlike afskeid in die Kaap gehad, asook 'n paar wonderlike markdae waarmee hulle die skool bederf het met 'n pragtige geskenk. Hulle het bygedra tot die nuwe elektroniese tellingbord wat die skool binnekort gaan ontvang. Die Graad 7's het hul jaar op 'n hoogtepunt afgesluit met 'n kleurvolle kleure-atletiek, waar dit hulle beurt was om die dirigente te wees.

Dit was regtig 'n besonderse mooi jaar en ons wil opreg dankie sê aan elke persoon wat dit só genotvol en vol kosbare herinneringe gemaak het. Aan ons Graad 7's - ons gaan julle baie mis. Sterkte vir die hoërskool en mag julle elke oomblik geniet!




CHROMEBOOKS

Uiteindelik kan ons die goeie nuus met almal deel! 20 nuwe Acer Chromebooks word aangekoop om e-leer tot groter hoogtes in ons skool te neem.

Hierdie toevoeging versterk ons in die voorsiening wat ons vir verskillende leerstyle by ons skool maak. Dié Chromebooks kan nou in ons klasse gebruik word terwyl ons dit tesame met die hulpmiddels wat daar reeds is, gebruik. Huidiglik maak dit ook voorsiening dat elke leerder sy/haar eie splinternuwe toestel het.

By Laerskool Koue Bokkeveld maak ons voorsiening vir die moderne leerder en stuur hul gereed vir die toekoms na die hoërskool.

#trotsebokkies



TOTSIENS

Ons neem vandag afskeid van twee personeellede - Lizzy Alkaster en Christi King.

Vir al jul harde werk en toewyding, sê ons baie dankie. Ons wens julle baie seën en voorspoed toe met jul elkeen se nuwe seisoen wat voorlê.



NUWE GRAAD 1'S

Graad R is gereed vir grootskool!
Na 'n jaar van speel-speel leer en oefen,
is almal sommer baie opgewonde om hulle
skoolklere aan te trek.



Wat praat ons alles in Gr R?

Kapkaptein - klaskaptein

Oog se pippe - pupil

Gimlastiek - gimnastiek

Hermanas - Hermanus

Station hond - Alsatien hond

Rookpyp - uitlaatpyp

Appel + boks (samestelling) = tandpyn

Bluegun - gluegun

Nanuarie - Januarie

'n Toernooi is soos 'n storm - tornado

Magmete - magnete

Naaldeklippies - naaldekokers

Asys - Acer, klank van die dataprojektor

My sussie oefen ook bollemakiesie, maar sy het
nog 'n probleem.

'n Meisiehoender is 'n kraai.

Ek skryf met 'n pennetjie op die bord - bordkryt

Cemote control car - remote

Ons het gekuier by 'n oom en 'n tannie, hulle is
mos mense, maar hulle het nie kinders nie.

My troeteldier is verlede - oorlede

Ek gaan dalk nie eendag 'n Springbok word nie,
maar ek gaan 'n Flink word (flank speel)

My hond se naam is Lucky, hy is swart met 'n
stukkies van die reënboog.

Bea se tone is splinternuut mooi geverf.

Ek wil eendag 'n dokter of 'n spanspek word..



DANKIE



Ons kan nie genoeg van hierdie pragtige kunswerk
kry nie. Ilanie du Toit, ons sê vir jou baie dankie vir
die harde werk en inisiatief hiermee! Ons waardeer
jou betrokkenheid by die skool.

OUDLEERDERS PRESTEER

Oudleerder, Amanda
Reynolds (hoofdogter
2016), word as die beste
4de jaar Fisioterapie-
student by die
Universiteit van die
Vrystaat aangewys.

Ons is
geweldig trots op haar.



By die AFDA-toekenningsaand het Zak van der
Merwe, hoofseun in 2017, en sy mede-
kinematograaf, die 'Best Motion Picture of 2025'
sowel as die 'Motion Picture Critics Film of the
Year Award' gewen.

Hulle was ook genomineer in ander kategorieë en
het in die Top 3 geëindig vir 4 ander toekennings.

Sy ander film, waar hy die kleurgradeerder en
data handelaar was, het die 'Best Image and Sound
Production Award' gewen en was ook genomineer
en het ook in die top 3 geëindig vir 3 ander
toekennings.

Ons is trots op hom!

DANKIE AAN ONS BORGE

'n Groot dankie aan hierdie ongelooflike span verskaffers wat die opknapping van ons Neelsie moontlik gemaak het.

- Boland Bouers wat voorgevat het met idees en moeite gedoen het om hierdie projek so te kry dat ons kan trots wees.
- Boland Verf & Renovasie – vir die nuwe kleur en glans (met streep en alles)
- The Light Shedd het al die ligte verskaf.
- CEM Electrical – vir installering van ligte en alle elektriese werk. Geen drade/koorde of kabels hang rond nie.
- Stefcon Woodworx – vir die netjiese houtwerk en afwerking. Ons beplan nog aan die finale afronding.
- Coke vir ons yskas. Lekker om altyd koue koeldrank te hê sonder dromme aanry.

CERES BOLAND BOUERS
CONSTRUCTION & CIVILS



Office: 023 342 1458/076 461 2884

Address: 12 Abattoir str/Worcester Industrial



Office 023 342 1458/060 971 1240

Address 12 Abattoir str/Worcester Industrial



Durbanstraat 93
Worcester, 6850 Western Cape
www.stefconwoodworx.co.za
Tel: 023 347 6987
Sel: 076 247 1670



Dankie aan elke een wat die jaar in die snoepie gehelp het.

ONS SLUIT DIE JAAR AF MET 'N LEKKER PRETDAG



Geniet die feestyd, reis veilig en geniet elke oomblik van die vakansie.